DEEL 117 | WEEK 38 | 19 SEPTEMBER 2025 | R5

HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



**Op die foto: 'n Spilpunt besproei helder kanola wat hierdie seisoen tussen Reitz en Tweeling aangeplant is – deel van 'n groeiende tendens waar boere kanola as alternatief vir koring probeer.**

# GEEL KANOLA KLEEF VAS IN DIE OOS-VRYSTAAT

Motoriste op die R26 kry 'n ongewoon helder verrassing: geel kanola-lande wat wyd blom tussen Reitz en Tweeling.

Kanola is tradisioneel 'n Wes-Kaapse gewas, waar dit saam met koring in wisselbou gebruik word. Nou het boere in die Oos-Vrystaat begin om dit onder besproeiing aan te plant as 'n alternatief vir koring in hul rotasie.

"Ons soek gewasse wat goeie opbrengs gee en ook ons grond help verbeter," sê 'n plaaslike boer. "Kanola breek siekte- en onkruidsiklusse, en bied 'n goeie oliegewas vir die mark. Dit maak sin as deel van 'n moderne besproeiingsprogram."

Die pragtige geel blomme is nie net mooi om te sien nie, maar wys ook dat Oos-Vrystaatse boere hul gewasportefeuljes diversifiseer om meer volhoubaar te produseer en beter pryse te benut.









# Hollywoodbets geared up for its annual 10km mini marathon in the City of Gold on Saturday the 13th of September

This exciting sporting event is open every year to runners of all stages. Whether just starting out or slightly more advanced, all are welcome to compete. Runners are free to choose between the 5km or 10km races, which both start on Corlett Drive outside Wanderers.

Collection of race packs started at The Wanderers Club (21 North Street) between 10am and 6pm on 10 and 11 September 2025, and between 10am and 4pm on 12 September 2025 before runners could compete on the 13th.

Post-race entertainment was provided at the same venue where runners could cool down and relax after their race. All participants also got to go home with a Hollywoodbets goodie bag.



*Mampoi Mohapeloa, Shanell Mtholo, Gift Roets, Thabo Sethabela, Khuselwa Kopman, Lepekola Thapedi, Mpinane Molapo, David Mokoena, Nompe Montsho, Eva Ramaite, Tello Dumka, Sheldon Pienaar, Keke Mlangeni, Stembiso Maduna, Phindiwe Mcwera, Richdene Smith, Bernadette Pienaar and Nomthandazo Maduna.*

# Municipalities struggling to manage litter at landfills

*• Cllr. Small Sehume*
*DA Councillor Ngwathe Local Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe Local Municipality will submit a formal request for comprehensive records and compliance reports on all operational landfill sites in the municipality to the municipal manager, F.P. Mothamaha.

Widespread community complaints and on-site observations have identified potential violations of environmental and public health laws, prompting this action. By taking this action, we aim to ensure that Ngwathe's landfill management does not put locals or the environment at risk.

In addition to posing serious health risks to residents, poorly managed landfills can cause long-term environmental damage. It is against the law to dispose of waste in locations that are not authorised or licensed for this purpose, and the municipality is seriously failing to fulfil its obligations if these rules are not followed.

In particular, we are enquiring whether suitable signage indicating the acceptable waste types and operating hours has been posted at each landfill site, both at entrances and in all official languages. To ensure that safe and effective access is maintained, it is also necessary to clarify the state of internal roads and access.

The number of landfill sites operating with or without valid permits, along with the pertinent licence numbers and issue dates, needs to be clarified further. We also seek data on the number of unofficial recyclers at each location, the landfill's intended capacity, the amount of capacity already utilised, and the anticipated time remaining before the sites reach capacity.

To evaluate remaining capacity and regulatory compliance, we require information on the current waste offset rate per site and the date of the most recent professional survey.

This issue warrants serious consideration because it affects not only environmental safety but also public health and legal compliance.

The DA will closely monitor the municipality's response and, should no action be taken, escalate the matter to the appropriate oversight structures.

Residents of Ngwathe deserve a clean and legally compliant waste management system that protects both people and the planet.

## Doktorsgraad vir Ngwathe se hoof van Water en Sanitasie, maar stééds geen veilige water vir inwoners

Die beleërde Ngwathe Plaaslike Munisipaliteit se hoof van Water en Sanitasie, Mokete Phele, spog sedert 15 September met 'n doktorsgraad in Chemie, maar kon volgens AfriForum in die agt jaar sedert hy in dié posisie aangestel is stééds geen verbetering in die voorsiening van veilige drinkwater vir inwoners bring nie. Die burgerregteorganisasie hou vol dat watervoorsiening sedert Phele se aanstelling eerder agteruit geboer het.

AfriForum dring nou aan op deursigtigheid rakende die koste van Phele se nagraadse studies en eis dat, indien Ngwathe die koste daarvan gedra het, Phele die volle koste daarvan aan die munisipaliteit moet terugbetaal.

Phele, wat sy graad aan die Vaal Universiteit van Tegnologie (VUT) verwerf het, is 15 September op die munisipaliteit se Facebook-blad vir sy prestasie geluk gewens met die woorde: "Ngwathe Local Municipality at work!" AfriForum bestempel dié aanprysing te midde van jare se powere prestasie ten opsigte van veral watervoorsiening as 'n klap in die gesig van inwoners.

Die sosialemediaplasing kondig boonop met trots aan dat dié munisipaliteit se aantal doktorsgraadhouers onder die stuur van Ngwathe se munisipale bestuurder, dr. Futhuli Mothamaha, aangroei.


Die VUT-plegtigheidsbundel bied onder meer 'n opsomming van Phele se navorsing. Dié opsomming word soos volg ingelui: "Water word beskou as die belangrikste natuurlike hulpbron vir die volhoubaarheid van lewe, maar varswaterstelsels word direk deur besoedeling bedreig."

Ondanks dié stelling gaan Ngwathe onder Phele se leiding gebuk onder die einste krisis van besoedeling.

Volgens Alta Pretorius, AfriForum se distrikskoördineerder vir die Mooirivier, is dit duidelik dat die gaping tussen teorie en praktyk nou sodanig is dat selfs sogenaamde kenners van waterwese nie eens die krisis in eie geledere kan oplos nie. "Phele het reeds in Februarie 2023 beloof dat indien inwoners in Ngwathe nie binne ses maande water het nie, hy uit sy pos sal bedank. Dit is reeds 'n jaar en 'n half later en inwoners moet steeds tevrede wees met droë krane of gekontamineerde water. Uitgebreide geleerdheid is nutteloos as dit nie in die praktyk grondslag vind nie – en met byna 'n dekade van mislukkings blyk dit dat Phele se graad nie die papier werd is waarop dit gedruk is nie," kap Pretorius.

***Alta Pretorius - AfriForum***

# UIT DIE PEN:





## Week 38

Ek het julle al 'n paar keer van my werk vertel. In kort: leerders skryf hier eksamen om dan, as hulle suksesvol was, 'n kwalifikasie in die hand te kry. Klink maklik, maar daar is 'n hele klomp goed wat gedoen moet word om dit moontlik te maak.

Een van die dinge wat gedoen moet word, en dit glo ek vas, is om die ouers op te lei. En baie van hulle kort regtig opleiding. Veral wanneer dit kom by motiverings.

As gevolg van sekere gediagnoseerde toestande, kan leerders aansoek doen om ekstra tyd gedurende die eksamen te kry. Of dalk is hulle handskrif totaal onleesbaar, en doen hulle aansoek dat iemand verbatim neerskryf wat hulle sê. Dalk sukkel die kind daarmee om te lees, en dan kan hulle aansoek doen om 'n leser: iemand wat die vrae hardop kan lees. Alles geskied onder die wakende oog van 'n opgeleide toesighouer.

Dalk wil 'n leerder sy asmapompie saamneem eksamensentrum toe. Dit is aanvaarbaar, mits hy 'n brief van ons af het wat noem dat ons hom/haar toestemming gee om 'n asmapompie saam te neem.

Dieselfde geld vir diabete wat hulle inspuitings byderhand moet hou.

Net so tussen ons meisies: gewone staatskole moet dieselfde protokol volg, maar doen dit nie altyd nie.

Maar soos ek genoem het: dit moet gediagnoseerde toestande wees. Maklik om dit te hoor, maar moeilik om dit te verstaan.

Dan kry jy 'n e-pos soos hieronder. (My kommentaar, wat ek graag sou wou gee, is in hakies).

Goeiedag

My kind kan nie goed lees en skryf nie. Die onderwysers het hom al van kleintyd gehelp om te lees en te skryf. (Het die onderwysdepartment toestemming gegee daarvoor? Indien nie, het die skool nie die regte beleid gevolg nie.) Hy het nie by julle aansoek gedoen vir 'n leser en 'n skrywer nie. Ek het regtig nie gedink dat dit nodig was nie. (Hoekom nie? Omdat julle dit nog altyd "onwettig" gedoen het?)

Nou sê my skool dat ek aansoek moes doen. Hierdie is my fout en nie my kind se fout nie. Julle gaan tog nie 'n kind penaliseer omdat sy ma 'n fout gemaak het nie, of gaan julle? (Watter antwoord verwag jy hier? Jy is die ma, jy is die primêre versorger en jy moes van beter geweet het).

Indien julle hom gaan penaliseer, dink ek dat dit die laagste en gemeenste daad ooit sal wees. (Is dit gemener as om iemand dood te skiet of met 'n mes te steek? Ek wonder net). Julle gaan hom ontneem van 'n geleentheid om eendag op sy eie voete te staan. (Jy moes die beleid en prosedure gevolg het, dan was julle nie nou in hierdie situasie nie.) Julle is net geldwolwe, dis al. (Ons gebruik gekwalifiseerde mense om die aansoeke hiervoor te prosesseer, ons moet hulle sekerlik vir hulle dienste vergoed. Of werk jy ook vir *washers*?) Al die kommentare op sosiale media is dus korrek: julle wil net nie help nie. (Op hierdie stadium dink ek: glo wat jy wil).

Dalk omdat ek nie genoeg geld het nie? Want ek is 'n arme enkelouer, en ek werk dag en nag om vir hierdie kind klere en kos te gee. En wat kry ek daarvoor? 'n Skop in die maag. (Ek is jammer dat jy 'n arme enkelouer is, maar dit is regtig nie my skuld nie. Ek ken mense wat bittergraag wou kinders hê, maar nooit die kans daarvoor gegun is nie, en ek sien nie dat hulle dit as 'n verskoning vir enige iets gebruik nie.)

Sy pa is landuit en ek weet nie waar om hom te kry nie. (Daaroor is ek ook jammer. Maar hoe dink jy gaan ek jou hiermee kan help?)

Julle kan ten minste probéér om hom te help. Maar wat doen julle? (Vertel my wat ons doen, mevrou, ek sien daarna uit). Julle doen niks! Waarvoor betaal ek? (Op hierdie stadium voel dit asof jy my betaal om jou tirade op e-pos te lees, en ja, ek het beter werk om te doen.)

As julle nie dadelik julle agterente in rat kry en doen wat ek sê nie, vat ek julle hof toe. (Wag so rukkie: jy is 'n arme enkelma wat dag en nag werk en jy wil ons hof toe vat? Al gehoor wat hofonkoste beloop? Veral as ons altwee weet dat jy al klaar verloor het voordat jy die judge met sy hamertjie sien).

Julle sal moet sê hoe julle hierdie fiasko gaan regmaak. (Maar mevrou, dis nie ons fiasko nie. Jy het hierdie monster gemaak.) Sê ook sommer hoe julle dit in die toekoms gaan voorkom. (Ons gaan mense soos jy leer om met aandag en begrip te lees.)

Hierdie is die laaste waarskuwing. (Ek sidder. Nogal). Jy sal binne die volgende 24 uur vir my 'n antwoord hê. Anders sal daar gevolge wees.

Groete.

Ek wens vandag daar was 'n mooi manier om bogenoemde te beantwoord. Maar ek het 'n oplossing. ChatGPT.

Ek plaas die hele e-pos op ChatGPT en vra vir die bot hoe ek hierdie mooi kan beantwoord, sonder om afbrekend en sarkasties te wees.

ChatGPT kom terug met 'n vreeslike lang e-pos waarin ek verduidelik hoe jammer ek is omdat die mamma so ontevrede is. Ek copy and paste die antwoord op die e-pos.

Net voordat ek dit stuur, vee ek ChatGPT se e-pos uit. Hier is 'n beter antwoord, dink ek.

Goeiemiddag, mevrou

Dankie vir u e-pos. Ek neem kennis van die inhoud daarvan.

Groete.

En ek wonder hoe ons tot hier gekom het? Sy kon maar net gevra het of ons dalk haar seun kon help. Dalk sou ons wou.

Maar nie nadat ek die tirade gelees het nie.

# Bywerking aan Bek-en-klouseer gevalle in die provinsie

Die department Landbou en Landelike Ontwikkeling bevestig met die publiek en die boerderygemeenskappe van nege (9) nuwe bevestigde gevalle van bek-en-klouseer in die provinsie. Dit bring die aantal bevestigde gevalle na ses-en-twintig (26).

Huidiglik, het die Vrystaat provinsie ses (6) gevalle oor vyf (5) munisipaliteite as volg:

- **Kroonstad:** Moqhaka Munisipaliteit – sewe (7) gevalle bevestig.
- **Viljoenskroon:** Moqhaka Munisipaliteit – tien (10) gevalle bevestig.
- **Deneysville:** Metsimaholo Munisipaliteit – een (1) geval bevestig.
- **Cornelia/Frankfort:** Mafube Munisipaliteit – ses (6) gevalle bevestig.
- **Heilbron:** Ngwathe Munisipaliteit – een (1) geval bevestig.
- **Odendaalsrus:** Matjhabeng Munisipaliteit – een (1) geval bevestig.

Die Departement het inenting op besmette plase 'n prioriteit gemaak. Inentingsveldtogte het onmiddellik begin om verdere infeksie verspreiding te bekamp. Tot dusver is dit bevestig dat vier (4) gemeenskaplike weidings gebiede geaffekteer is deur die huidige uitbreek. Hierdie areas bied addisionele uitdagings soos bewegingsbeheer van ingeënte diere tussen oningeënte diere op gemeenskaplike weiding wat bemoeilik word as gevolg van onvoldoende omheining. Terwyl inenting die verspreiding aansienlik bekamp het, het dit steeds nie infeksies uitgeroei nie.

Effektiewe beheer vereis wel intensiewe samewerking tussen boere, gemeenskapsleiers, plaaslike munisipaliteite, industrieë en veeartsdienstes om te verseker dat bewegingsperke onderhou word en dat die voordele van inentings ten volle gerealiseer word.

Bewegingsperke word tans geimplimenteer op alle plase binne 'n 10km radius van die besmette plase. Die besmette plase is onder kwarantyn geplaas tot verdere kennisgewing en alle plase binne hierdie radius is in kennis gestel dat hulle onder tydelike kwarantyn geplaas is as 'n voorsorgmaatreël tot verdere verspreiding van die siekte vasgestel is.

Die Departement dring daarop aan dat boere, industrieë en belanghebbendes saam moet staan om die verspreiding van die siekte hok te slaan. Dit sluit ook in, identifisering en voorkoming van onwettige beweging van diere uit areas wat onder toesig is, en om alle verdagte beweging onmiddelik aan te meld. Ten slotte noem hulle dat stilbly net die verspreiding sal verleng en 'n terugkeer na normaal stand van sake, sal belemmer.




# Streetlights restored in Heilbron after DA pressure on Ngwathe

*• Cllr Robert Ferendale – DA Councillor Ngwathe Municipality*

The Democratic Alliance (DA) in Heilbron has taken decisive action to address the long-standing problem of non-functioning streetlights. After a petition and a formal letter to the Ngwathe Municipal Manager, we welcomed the municipality's quick response. This is now resulting in visible progress for the community.

After submitting the concerns in writing, I was contacted by the newly appointed Electricity Manager. He visited Heilbron to discuss the issue. This was the first engagement of its kind and set the tone for cooperation towards lasting service delivery.

The official committed to prioritising the problem. Within two weeks, workers began repairing streetlights that had seriously hampered safety and contributed to rising crime, especially in Vegkop and the Heilbron CBD. Efforts are also being made to light the road from Petrus Steyn, a hotspot for accidents due to poor visibility.

We are also encouraged to see that similar repair work has started in other towns within Ngwathe. In Parys, Vredefort, and Koppies, some streetlights have already been fixed, with more repairs expected to follow. While not all areas have been addressed yet, this shows a broader commitment to restoring much-needed lighting across the municipality.

I pledge to monitor the repairs closely and ensure the voices of Heilbron residents remain heard. While service delivery in Ngwathe is far from perfect, this marks a step in the right direction.

We remain hopeful that if managers in other departments, such as Waste Removal and Sanitation, where sewer blockages and spillages are rife, show the same commitment, Heilbron can once again become the clean and thriving town it once was.

Where the DA governs, residents do not need to resort to petitions or letters to receive basic services. The DA remains committed to putting the needs and safety of the community first.






# Nuus uit Ringerstraat Jeugsorgsentrum

## *Internasionale Luisterdag: 'n Oproep tot Empatie en Samewerking*

*• Deur: Die oë van 'n maatskaplike werker*

Op 18 September 2025 sal die wêreld weer Internasionale Luisterdag vier, 'n dag wat fokus op die belangrikheid van aktiewe en empatiese luister. As maatskaplike werker weet ek dat luister nie net 'n tegniek is nie, maar 'n daad van verstaan en medelye wat mense se welstand direk beïnvloed. Luister is die eerste stap na begrip en ondersteuning, en in 'n samelewing waar mense dikwels die gevoel het dat hulle nie gehoor word nie, is dit noodsaaklik om mense die ruimte en aandag te gee wat hulle verdien.

**Wat is Internasionale Luisterdag?**

Internasionale Luisterdag is 'n globale beweging wat geselskap, begrip en empatie bevorder deur die eenvoudige, maar kragtige daad van luister. Die doel van die dag is om die fokus terug te bring na die belangrikheid van aktiewe luister, wat meer behels as om net stil te wees terwyl iemand anders praat. Dit gaan oor dieper aandag en begrip, en dit kan 'n transformasie in mense se lewens meebring.

**Waarom is Luister belangrik?**

Bevorder geestelike gesondheid: Luister kan 'n terapie wees. Dit help mense om hul emosies te verwerk, hul gevoelens te deel, en hul geestelike gesondheid te bevorder.

Versterk verhoudings: Of dit in 'n gesinsomgewing, op die werk, of in gemeenskapsinteraksies is, luister is die fondament van vertroue en respek. Dit is die sleutel tot gesonde verhoudings.

Stabiliseer gemeenskappe: As mense voel dat hulle gehoor word, het dit 'n positiewe invloed op die gemeenskap. Empatie en aktiewe luister lei tot samewerking en sterker bande.

Die Nut van Aktiewe Luister

Aktiewe luister behels meer as net 'n passiewe aksie van stil wees terwyl iemand praat. Dit vereis volle teenwoordigheid en 'n poging om nie net die woorde te hoor nie, maar om die onderliggende emosies en bekommernisse te verstaan. Dit beteken om nie net jou eie gedagtes en opinies te deel nie, maar om die ander persoon se perspektief werklik in ag te neem.

Voordele van aktiewe luister:

Verhoog die vertroue tussen individue, wat verhoudings versterk.

Verminder konflik omdat mense voel dat hul gevoelens erken en gerespekteer word.

Verskaf emosionele genesing deur mense 'n veilige ruimte te gee om hul probleme te deel.

**Hoe implementeer ons Luisterdag se Beginsels?**

Wees Teenwoordig: Wanneer iemand met jou praat, wees opreg teenwoordig. Dit beteken om jou foon neer te sit, oogkontak te maak, en jouself ten volle aan die gesprek toe te wy.

**Oefen Empatie:** Probeer nie net te verstaan wat iemand sê nie, maar ook waarom hulle dit sê. Hoe voel hulle? Wat het hulle nodig? Empatie gaan verder as begrip en vereis dat jy die ander persoon se perspektief en emosies regtig voel.

**Skep 'n Veilige Ruimte:** Mense sal nie maklik hul gevoelens en bekommernisse deel as hulle nie voel hulle sal nie geoordeel of afgemaak word nie. Skep 'n atmosfeer van vertroue waar mense gemaklik kan wees om hulle hart oop te maak.

**Beperk Afleidings:** In ons daaglikse lewe word ons dikwels afgetrek deur tegnologie en ander eksterne invloede. Dit is belangrik om tyd te maak om in die oomblik te wees en te fokus op die persoon wat met jou praat.

**Gebruik Liggaamstaal en Terugvoer:** Dit sluit nie net verbale respons in nie, maar ook jou liggaamstaal. Skuif jou stoel nader, knik terwyl iemand praat, en gee terugvoer deur middel van kort opmerkings of vrae.

**Wenke om Luisterdag in jou Daaglikse Lewe te Implementeer**

**Begin by die huis:** As jy die effek van aktiewe luister wil sien, begin dit by jou familie en vriende. Gee jou geliefdes die volle aandag wat hulle verdien, en jy sal sien hoe dit jou verhouding versterk.

**By die werk:** Of jy nou met kollegas, kliënte of leierskap te doen het, aktiewe luister kan werkverhoudings opbou en produktiwiteit bevorder. Dit bevorder 'n kultuur van samewerking en mutual *respect*.



Bevorder dit in die gemeenskap: Luister is nie beperk tot die huis of werk nie. In gemeenskapsforums, ondersteuningsgroepe en ander sosiale ruimtes kan die daad van luister die dinamika van die hele groep verander en 'n sterker, meer samewerkende gemeenskap skep.

**Die Langer Termyn Voordele van Luister**

Deur meer aktief te luister, versterk ons nie net die mense rondom ons nie, maar bou ons 'n samelewing wat respek en empatie bevorder. Gemeenskappe wat luister, is gemeenskappe wat mekaar ondersteun, wat 'n positiewe impak het op die gesondheid en welstand van alle lede. Dit help nie net individue nie, maar bou 'n sosiale netwerk wat gesondheid, geluk en stabiliteit bevorder.

Internasionale Luisterdag is nie net 'n dag om oor luister te praat nie, maar 'n oproep om elke dag die krag van empatie en aktiewe luister in ons lewens in te bring. Die eenvoud van luister kan 'n reuse verskil maak in die lewe van ander en die gemeenskappe waarin ons leef. Neem 'n stap terug, luister met jou hart, en begin om die verandering wat jy wil sien, self te wees.



# KENNISGEWINGS

Form J193

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES

All persons having claims against the under-mentioned estate must lodge it with the Executor concerned within 30 days (or as indicated) from date of publication hereof.
Notice Language: **English**
Province: **Free State**
Estate Number: **3200/2025**
Surname: **Janse van Rensburg**
First Names: **Daniel Jacobus**
Date of Birth: **1961-05-27**
ID Number: **610527 5037 084**
Last Address: **Farm Koufontein, Nylstroom, Limpopo Province**
Date of Death: **2025-01-25**
Master's Office: **Bloemfontein.**
First Names of Surviving Spouse:
**Cecilia Maria**
Surname of Surviving Spouse:
**Janse van Rensburg**
Date of Birth of Surviving Spouse:
**1961-04-30**
ID Number of Surviving Spouse:
**610430 0089 087**
Name of Executor or Authorised Agent:
**Michael Smith**
Address of Executor or Authorised Agent:
**16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640**
Period allowed for lodgement of claims: **30 days**
**Advertiser Name:**
**Van Zyl - Fourie Attorneys**
**Advertiser address:**
**16 Reitz Street, Petrus Steyn, 9640**
**Advertiser E-Mail:**
**info@vzfattorneys.net**
**Advertiser Telephone: 083 547 9244**
**Publication in the Government Gazette on:**
**2025-09-19**

## NOTICE TO CREDITORS IN DECEASED ESTATES


**In the Estate of the Late:**
Surname: **Van der Westhuizen**
First names: **Janetta Adriana**
Estate number: **6126/2025**
Identity/passport number: **461019 0045 080**
Date of death: **3/07/2025**
Last address: **Micos Apartment's No. 2, Heil Street, Heilbron, Province Free State**
All persons having claims against the above-mentioned estate are required to lodge their claims with the undersigned within 30 days after the date of publication hereof.
**Name and address of Executor or Authorised Agent:**
**NOMINEE OF CORNELIUS & PARTNERS INC.**
**AMANDA ANNE SCHUTTE**
**40 CHURCH STREET, HEILBRON, 9650**
**E-MAIL: aktesb@corven.co.za**
**TELEPHONE: 058 852 2035**
**REFERENCE: AA SCHUTTE/jf/**
**DATE SUBMITTED: 2025/09/03**

### WOONSTEL TE HUUR

HEILBRON - NICOLHOF
2 Slaapkamerwoonstel met 1 badkamer en 1 motorhuis. Koopkrag en boorgat.
**Vir meer inligting kontak**
**Fouché: 076 952 3834**
**Rodré: 074 019 8087**




**ELSSTRAAT 44 | HEILBRON**
**TEL: 058 852 3033**
Herald Office National




**SKENK BLOED IN HEILBRON**
**Datum:** Dinsdag, 30 September 2025
**Plek:** NG Suid Kerksaal, Heilbron
**Tyd:** 13h00 – 19h00

sanbs.org.za
Toll-free: 0800 11 90 31

**SKENK BLOED IN HEILBRON**
SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk, Dinsdag, 30 September 2025 by die NG Suid Kerksaal, Heilbron vanaf 13:00 – 19:00.
SANBS wil graag alle bloedskenkers hartelik bedank vir hul gereëlde ondersteuning en nuwe skenkers aanmoedig om bloedskenkers te word. Met slegs een skenking, het skenkers iemand nog 'n geleentheid gegee, nog 'n kersfees, nog 'n vakansie en meer herinneringe om te koester. SANBS doen 'n beroep op alle skenkers, veral skenkers wat nie in die afgelope paar maande geskenk het nie, om asseblief die tyd te neem om bloed te skenk, asook op nuwe skenkers wat aan die minimum vereistes voldoen om 'n bloedskenker te word.
**Om 'n bloedskenker te word, moet jy:** • Tussen die ouderdom van 16 en 75 wees • Meer as 50kg weeg • 'n Veilige leefstyl lei • Gesond wees op die dag van jou skenking.
**Skenk bloed. Jou bloed red lewens.**

# FOTOSTATE

**Swart / Black**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 50 Bladsye | @ R1-50 |
| | 51+ | @ 80c |
| A3 | 1 - 50 Bladsye | @ R3-00 |
| | 51+ | @ R1-50 |


**Volkleur / Colour**

| | | |
|---|---|---|
| A4 | 1 - 10 Bladsye | @ R5-00 |
| | 10+ | @ R4-00 |
| A3 | 1 - 10 Bladsye | @ R10-00 |
| | 10+ | @ R8-00 |

### WINKELURE

**Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00**
**Vrydae: 07:30 - 16:30 | Saterdae: 08:30 - 13:00**

Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za
Herald Office National




# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za -
(Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Antonio** heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, Skryfbehoeftes, Kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 061 294 3983
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za -
(Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 066 056 1601
• heraldnuus@heilbron.co.za -
(Koerantbydraes, advertensies)
**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

***Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.***

# SMALLS

# DIENSTE

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading
**AUGERS**
**GRAANDAMME**
**SINKDAMME**
**BUNKERS**
**AFLAAIBAKKE**
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

### BIBLIOTEEK OOP

***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE**
**per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***




### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense.
Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller**
**081 849 1877**

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die 12de Desember 2025 sluit en DV die 7de Januarie 2026 open. Die winkel sluit die 18de Desember 2025 en open die 5de Januarie 2026.

Bestel asb. vroegtydig u drukwerk en skryfbehoeftes om teleurstelling te voorkom.

**Elsstraat 44**
**Heilbron**
**Tel: 058 852 3033**
Herald Office National

## YOU THINK IT - WE PRINT IT
## YOUR ONE STOP BRANDING SPECIALIST




**marketing@heilbron.co.za | 083 495 5512** Heilbron Herald

## DELIVERY & COLLECTION
## between Heilbron and Vaal Triangle
## Monday, Wednesday and Friday

**heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078**




**Between Meyerton and Heilbron @ R150 per parcel**



# Old Mutual Go2Berg rol deur Villiers, Frankfort, Reitz, Clarens

Op die Go2Berg-webtuiste sê dit dat die wedren oor sewe dae van 13 tot 19 September die *route to happiness* bied... en dit blyk nie asof hulle lieg nie.

Dit begin een-en-'n-halwe ure suid van Johannesburg in die Noord-Oos Vrystaatse dorpie, Villiers. Waarna jy deur die Vrystaat dorpies van Frankfort, Reitz en Clarens ry en onthaal word deur van die mees passievolle gemeenskappe langs die roete. Gevolglik strek die roete tot by die asemrowende Sterkfontein Dam. Van Sterkfontein is dit 'n massiewe draai af tot in Kwa-Zulu Natal. 'n Paar nagte in Emseni naby Winterton en dan tot by die eindstreep aan die hange van die magtige Drakensberge – een van die mooiste wêrelderfenis bakens ter wêreld!

Die afgelope naweek was Frankfort gasheer vir die skare fietsryers van regoor die wêreld, waar veral die leerders en onderwysers van Hoërskool Wilgerivier hulle met die grootste feesgees en graagte ontvang het.

Elke fietsryer betaal 'n gemiddelde inskrywingsfooi van R25 000 per persoon (aangepas volgens buitelandse wisselkoerse). Dit sluit hotel/gastehuis verblyf in Clarens op dag 3 in sowel as hotelverblyf in die Drakensberge op die laaste aand met 'n finale ontbyt en aandete. Saam met dit, kan fietsryers ook 3 smullekker etes per dag en versnaperings daagliks tussen Super Waterpunte (wat meer as net water en braaivleis insluit vir die kuier lustiges) verwag, plus 'n geskenk pak met 'n baadjie en 'n Go2Berg T-Hemp. Medies- en volle logistieke ondersteuning van begin tot einde ook natuurlik ingesluit.

Prysgelde vir die Elite mans en vroue word gebaseer op die aantal pro's/ernstige fietsryers wat inskryf. Hoe meer inskryf, hoe groter die boerpot.

Wat die Go2Berg bergfietswedren besonders maak, is dat dit onbekende klein juweel dorpies ten toon stel, nie net vir die res van die wêreld nie, maar ook aan ons wat gereeld net verby sal ry sonder om die natuurskoon met albei oë in te neem en ten volle waardeer.

# SA 0/19 Bokkiespan

'n Groot eer en voorreg het twee van Hoërskool Wilgerivier se netbalspelers te beurt geval. Buiten dat Susan Fourie en Joné Lange beste vriendinne is, speel hulle al van 0/6 af saam netbal, speel albei vir Hoërskool Wilgerivier se Eerstespan. Hulle het ook al saam vir Vrystaat spanne gespeel wat aan die Provinsiale All-Ages-toernooi deelgeneem het in Boksburg. Boonop vorm hulle deel van 'n uitnodigingspan wat Desember 2024 in Dubai aan 'n toernooi deelgeneem het. Hierdie 2 spelers neem tydens die Julie vakansie deel aan die Nasionale AVS Bokkie toernooi te Naboomspruit. Albei is spelers vir die Noord-Vrystaat 0/19 span waar hulle proewe speel en opgeneem word in die SA 0/19 AVS Bokkiespan wat vanaf 5 tot 14 Oktober na Thailand toer en uit spelers van regoor SA bestaan.

Hulle verteenwoordig spelers vanuit die Noord-Kaap, Gauteng, Vaaldriehoek, Natal en Vrystaat. In Thailand speel hulle teen spanne wat in 2024 aan die Wêreldbeker deelgeneem het.

Mag julle elke oomblik van hierdie geleentheid geniet!



*Susan Fourie en Jone Lange.*

# Riemland Jagters Jeugskietdag

Die jaarlikse jeugskietdag was aangebied die afgelope naweek en die kinders het dit vreeslik geniet. Kontant pryse was gewen en uitslae is soos volg:

**Gr 1-3:**
**1ste** Lianka Keogh
**2de** Elanka van Dorssen
**3de** LR Van Dorssen
**Gr 4-12:**
**Jaggeweer:**
**1 ste** Wilhelm Dreyer
**2de** Micayla Keogh
**3de** Gerhard Engelbrecht
**.22:**
**1ste** Wilhelm Dreyer
**2de** Heinrich Lange
**3de** Chanelle Engelbrecht
**Windgeweer:**
**1ste** Carina van Niekerk
**2de** Wilhelm Dreyer
**3de** Tanya van Niekerk
**Algehele wenners:**
**1ste** Wilhelm Dreyer
**2de** Tanya van Niekerk
**3de** Jessica van der Walt

Met die ouer en kind afdeling was daar 'n uitskiet nodig aangesien die eerste drie plekke almal drie gelykop geskiet het. Die kind in die span moes weer skiet om te bepaal wie die wenners is en die uitslae is soos volg:

**1ste** Tanya van Niekerk en Hennie Fourie
**2de** Heinrich en Adriaan Lange
**3de** Wilhelm Dreyer en Hennie Viviers

Die volgende skietdag is groepering skiet en gaan groot wees op die 4de Oktober aangesien trofees ook gemeet gaan word, foto beoordeling vind ook plaas. Bring gerus alle trofees en spog fotos in 5 kategorieë:

Natuurlewe, Diere of voëls familie groepe, Aksie, Jagter en prooi en dan ook dier of voël vang sy prooi.

Onthou van die wen 'n skaap kaartjies. R200 per inskrywing.

Kontak Ericka by 083 707 0779 vir meer besonderhede.



*Op die foto vl: Jessica van der Walt, Carina van Niekerk, Hennie Fourie, Tanya van Niekerk, Wilhelm Dreyer en Lianka Keogh.*





VOLGENDE HEILBRON VEILING:
29 SEPTEMBER 2025
HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205
ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383
MARKO GERBER - SASOLBURG/WOLWEHOEK
064 808 8034
SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING

BKB
The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 22 SEPTEMBER 2025**
BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

VERKYKERSKOP Jaarlikse Vetveeskou
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

**DINSDAG - 23 SEPTEMBER 2025**
DEVON 2-Weeklikse veiling
Kontak Jurg Haywood 082 578 6241

KLERKSDORP Weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

VERKYKERSKOP Jaarlikse Vetveeskou
Kontak Marthinus Theunissen 076 420 4115

BULTFONTEIN: DOLF & ESTIE DU BRUYN
15DE SAVM PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas "Ons s'n"
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

MIDDELBURG: JP MARX & SEUN
STAAK BOERDERY VEILING
Beeste, trekkers & implemente
11:00, plaas Wonderhoek
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

**WOENSDAG - 24 SEPTEMBER 2025**
WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

REITZ Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

HERTZOGVILLE: MALHERBE & ROBERTS
Brangus & Angus bulle & vroulike diere
11:00, Veilingskrale
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

STANDERTON: BLACK HILLS
3DE DRAKENSBERGER VEILING
11:00, Jonkersdam
Kontak Carel Davel 082 331 1811

ORANJEVILLE: STELENA SAVM
18DE PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Nooitgedacht
Kontak Nantes Davel 082 589 1877

**DONDERDAG - 25 SEPTEMBER 2025**
ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

FICKSBURG Maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

NYLSTROOM Maandelikse veiling
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

VENTERSBURG: CD KLEYNHANS
(LK DOHNE STOETERY)
11:00, Erfplaas
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

**VRYDAG - 26 SEPTEMBER 2025**
BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811